
# 299 Moenie ween nie, nog leef God




Moenie ween nie, want die Heer hou Hom soms verborge,
maar sy hart bly ewig teer en vol vadersorge.
Hy bestuur uur om uur jou by elke skrede;
Hy stuur stryd en vrede.

Net oor een ding moet jy ween: Oor jou eie sonde.
Maar daar's redding vir elkeen in ons Heer se wonde.
Ja, berou maar vertrou: Smart oor sondedade
vind by God genade.

Eenmaal sal God elke kwaaal,elke traan verwyder;
dan ontvang die hemelsaal jou as dapper stryder.
Deur geluk heel verruk sal jy dan van harte
dank vir aardse smarte.

Onbekend Onbekend